

Donderdag 13 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 15:1-4

Fokusgedeelte: Spreuke: 15:1

Gevleuelde of getemperde woorde?

“Sit ’n wag voor jou mond.” “Woorde wek, maar voorbeelde trek.” “Jou voet in jou mond sit.” Só kan ons voortgaan om idioome op te noem wat gaan oor die rol en plek van woorde in ’n mens se lewe. Elkeen van ons het al beleef hoe ’n ondeurdagte woord iemand seermaak óf hoe woorde in woede gesê, verhoudings breek.

Geen wonder dan dat die Here se Woord ons rigting en leiding gee oor hóé om met ons woorde om te gaan nie. Elke woord wat jy sê, raak die beeld van God; dit raak jou óf iemand anders wat na die beeld van God gemaak is.

Hoe kan ons dan werk maak daarvan dat ons gevleuelde (ondeurdagte of ligsinnige) woorde getemperde woorde word? Dit kan slegs gebeur wanneer God jou mond aanraak met die spreekwoordelike kool vuur (vgl. Jes. 6:7), en dit vind plaas deur die werking van die Heilige Gees wat jou heilig maak. Dit is die Heilige Gees wat jou verander deur jou denke nuut te maak en aan jou die gesindheid van Jesus Christus te gee, deurdat jy diensbaar wil wees deur gehoorsaamheid – diensbaarheid binne die koninkryk van God.

Dit is deur die Heilige Gees wat ons dood is vir die sonde en lewend vir God is. Dit is deur die Heilige Gees wat ons die ou natuur doodmaak, die ou natuur wat tog só dikwels duidelik word deur vuil taal en deur liegstories (Kol. 3:8).

Daarom, in plaas van gevleuelde woorde, begin jou woorde temper deur gebed; gebed wat vra dat die Heilige Gees jou mond sal aanraak om te sê wat goed en opbouend is volgens die eise van omstandighede, sodat dit jou hoorders ten goede kan wees.

Sing: Psalm 19-1:7

Ds. KP Steyn (Karel) (Vredendal)